7. Sosiale Wetenskappe

Inleiding

Welkom by die interessante wêreld van Sosiale Wetenskappe waar jy 'n begrip sal vorm van die verlede en hoe dit ons teenwoordige geraak het. Jy sal ook die plek waarin jy lewe en dié van ander mense en plekke begin verstaan.
Die betekenis van ligging en hoe mense en plekke onderling skakel en verband hou, is ook belangrik.

Ons noem die dissiplines in hierdie vak **Geskiedenis** en **Geografie**. Die vaardigheid om krities om te gaan met inligting van 'n reeks bronne, ook bronne wat verskillende perspektiewe bied van dieselfde gebeurtenis of kwessie, is die wese van Sosiale Wetenskappe. Dit sal 'n wye reeks beroepe in die Sosiale studieveld tuisbring, naamlik:

- Geskiedenis (argeologie, politiek, wet, toerisme, onderwys, bestuur, openbare belang, ens.)
- Geografie (onderwyser, landbouingenieur, mynopmeter, vulkanoloog, toerismebestuurder, weervoorspeller, geotegnoloog, ens.)

Tydstoedeling

3 uur per week (90 minute. vir Geskiedenis en 90 minute. vir Geografie in 'n 5-dag-siklus)

Geskiedenisinhoud in graad 9

- Wêreldoorlog II (1939 – 1945)
- Die atoomeeu en die Koue Oorlog (1945 – 1990)
- Keerpunte in die Suid-Afrikaanse geskiedenis, 1948 en die 1950's
- Keerpunte in die Suid-Afrikaanse geskiedenis, 1960, 1976 en 1994

Geografie-inhoud in graad 9

- Kaartvaardighede (fokus op topografiese en ortofotokaarte)
- Ontwikkelingskwessies (fokus op Suid-Afrika en Wêreld)
- Oppervlaktekragte wat die aarde vorm (Fisiese Geografie)
- Hulpbronbenutting en volhoubaarheid (fokus op die wêreld)

Assessering

Gedurende die jaar sal van jou verwag word om verskillende assesseringstake te voltooi, informeel sowel as formeel. Alle assesseringstake is uiters belangrik en jy moet hulle voltooi na die beste van jou vermoë om goed te presteer in Sosiale Wetenskappe. Onthou as jy jou oë vestig op jou doelwit en nie die hindernisse in jou pad nie, dan sal jy die uitdaging wat die vak stel, oorkom.

Relevante take sluit in:

- Brongebaseerde take
- Uitgebreide skryfwerk (gefokusde opstel en paragrawe)
- Datahantering
- Mondelinge Geskiedenis-Navorsing
- Kaartvaardighede.

	Formele assesseringstake per kwartaal	
	Geskiedenis	**Geografie**
Kwartaal 1	1	1
Kwartaal 2	1	1
Kwartaal 3	1	1
Kwartaal 4	Eksamen	Eksamen